SOEK EN HERSTEL LEKKASIES

Met lekkasies kan baie water gemors word, veral as dit ondergronds is óf jy nie dit opmerk nie en vir 'n geruime tyd nie iets daaraan doen nie. Lekkasies op jou eiendom is jou verantwoordelikheid. Hier is riglyne om dit vinnig op te spoor en reg te maak sodat jy water én geld kan spaar.

HOE OM LEKKASIES OP JOU EIENDOM OP TE SPOOR

1

STOP ALLE WATERGEBRUIK.
Maak alle krane op die eiendom toe en moenie die toilette spoel nie.

2

KYK WAT JOU METERLESING IS EN SKRYF DIT NEER.

3

WAG 15 MINUTE EN NEEM WEER 'N LESING.
Maak seker niemand het 'n kraan oopgedraai of die toilet gespoel sedert jou eerste meterlesing nie.

4

AS DIT VERSKIL, IS DAAR 'N LEKKASIE WAT REGGEMAAK MOET WORD.
As die getal op die meter hoër is, beteken dit jy het 'n lekkasie en moet volgens die Stad se Verordening iets daaraan doen.

5

BEL 'N LOODGIETER OM JOU TE HELP OM DIE LEKKASIE REG TE MAAK.
Tensy dit eenvoudig is en jy dit self kan doen.

3 MAKLIKE TOETSE VIR 'N LEKKENDE TOILET

'n Lekkende toilet mors tussen ongeveer 2 600 en 13 000 liter water per maand, afhangende van hoe vinnig dit lek. 'n Lekkende kraan mors tussen 400 en 2 600 liter per maand.

1

Luister of water in die toiletspoelbak drup.

2



Druk 'n stuk toiletpapier agter teen die binnekant van die bak. As dit nat raak, is daar waarskynlik 'n lekkasie.

3



Plaas 15 druppels voedselkleursel in die toiletbak. As die water in die toiletbak na 15 minute verkleur het, is daar 'n lekkasie.

As jy nie kan bekostig om 'n loodgieter te bel om 'n ernstige toiletprobleem te kom regmaak nie, gebruik die klein stopkraan/hoekklepkraan by die toiletbasis om die water tussen spoele afgedraai te hou.

LYS VAN GEREGISTREERDE LOODGIETERS IN KAAPSTAD -
Gaan na: www.capetown.gov.za/thinkwater
Let daarop dat die Stad nie verantwoordelik is vir enige werk wat enigeen van die loodgieters op hierdie lys doen nie.

DOEN-DIT-SELF-GIDS VIR DIE REGMAAK VAN LEKKASIES
Gaan na: www.capetown.gov.za/thinkwater

MELD GEBARSTE PYPE OF LEKKASIES IN STRATE OF OP OPENBARE RUIMTES AAN
SMS 31373 en meld die ligging en kontakfoonnommer in uiters 160 karakters, en stuur 'n foto met die datum en tyd (stempel) as bewys. Let asseblief daarop dat Stadspersoneel aan die belangrikste gebarste pype en lekkasies voorkeur moet verleen.

Meld watervermorsing aan - bel 0860 103 089 of SMS na 31373 (maks. 160 karakters). Standaard-tariewe geld.
Of e-pos water@capetown.gov.za met 'n foto met die datum en tyd (stempel) as bewys.

DINK WATER
GEE MEER OM. SPAAR BAIE.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.